UNIVERSITY OF CAMBRIDGE INTERNATIONAL EXAMINATIONS
International General Certificate of Secondary Education

**FIRST LANGUAGE AFRIKAANS** **0512/01**

Paper 1 Reading

Specimen Paper

# [REVISED SYLLABUS from 2013]

**2 hours**

Additional Materials: Answer Booklet/Paper

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

If you have been given an Answer Booklet, follow the instructions on the front cover of the Booklet.
Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

Answer **all** questions.
You should pay attention to punctuation, spelling and handwriting.

At the end of the examination, fasten all your work securely together.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Indien jy ʼn antwoordboek ontvang het, moet jy die instruksies op die voorblad uitvoer.
Skryf jou sentrumnommer, kandidaatnommer en naam op al die werk wat jy inlewer.
Skryf met ʼn donkerblou of swart pen.
Moenie krammetjies, skuifspelde, glanspenne, gom of vloeibare uitwisser gebruik nie.

Beantwoord **al** die vrae.
Gee aandag aan punktuasie, spelling en handskrif.

Maak aan die einde van die eksamen seker dat jy al jou werk stewig vasgemaak het.
Die aantal punte per vraag word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deelvraag aangedui.

This document consists of **5** printed pages.

UNIVERSITY *of* CAMBRIDGE
International Examinations

© UCLES 2012

**[Turn over**

www.theallpapers.com

Lees Teks 1 aandagtig deur en beantwoord dan Vraag 1.

**Teks 1**

## Die lewe is nie ŉ storie nie

*1* “Die lewe is nie ŉ storie nie, Timus, hoeveel keer moet ek dit nog vir jou sê?”
Mens kan sien Pa se voete is nie gewoond aan kaal wees nie. Sy tone probeer van die gras af wegkom. Hulle is amper so wit soos die gips aan my arm.
“Timus, hoor jy my?
“Ja, Pa.”
“Wat het ek gesê?”
“Dat die lewe nie ŉ storie is nie.”

*2* Só begin *Roepman*, Jan van Tonder se eerste roman in 14 jaar. Hy het drie jaar aan dié storie van hom gewerk – saam met sy uitgewer by Human & Rousseau, Marietjie Coetzee, aan wie hy onder andere die boek opdra. Hy dra ook die teks op aan sy ouers en vyf susters en postuum aan sy broer, Andries, wat sewe jaar ouer was as hy.

*3* *Roepman* is seker die naaste wat ek aan ŉ outobiografie sal kom,” sê Van Tonder. “Ek het ŉ klomp dinge vertel soos dit was, ek het ŉ klomp bygelieg en ŉ klomp weggesteek.”

*4* Die roman vertel met humor en patos die verhaal van die 13-jarige Timus Rademan, wat saam met sy ouers, broer en susters – daar is drie tweelinge in dié huis – in die 1960's in ŉ spoorwegkamp in Durban grootword. Dit is ŉ verhaal van grootword en die verlies van onskuld, maar ook van geborgenheid en opgroei in ŉ gemeenskap waar mense na mekaar omsien.

*5* Van Tonder het self in ŉ Durbanse spoorwegwoonbuurt grootgeword.

*6* “Dit was wonderlik om daar groot te word. Daar was ŉ rykheid en ŉ lekkerte van mense bymekaar. Waar mense saam swaarkry, is daar altyd ŉ sekere warmte.”

*7* In ŉ onderhoud 14 jaar gelede het hy só na hierdie tyd verwys: “My ma het hard probeer om ons te beskerm teen wat om ons aangegaan het, maar ŉ kind sien en hoor mos fyn. Party mense word in omstandighede ingedwing, of daarin gebore, en wegkomkans is daar nie. Selfs die gelukkiges, of dié met ouers soos ek, my broer en susters, wat die skok van baie houe vir jou absorbeer, selfs hulle kom nooit los van daardie soort herinneringe nie. Hoe anders kan ŉ mens dan as om deernis te hê?”

*8* Oor die skryf van *Roepman* sê hy: “Dit verstom my wat ek onthou en hoe ek onthou. My broer het altyd vir my stories vertel en sy stories het my anders laat kyk na dinge. Hy sou ook onthou soos ek, wat anders is as my susters.”

*9* Die leser beleef die gebeure deur die oë van Timus, wat nie altyd tussen werklikheid en verbeelding kan onderskei nie en wat aartsnuuskierig is.

*10* “Ek het heeltyd afstand probeer skep, ek wou Timus nie Jan maak nie. Ek het hom albei sy arms laat breek, iets wat nie met my gebeur het nie.”

*11* Benewens die Rademan-gesin is daar ŉ hele aantal wonderlike karakters in die gemeenskap: ouma Makkie met haar boerewysheid, ant Rosie met haar sak vol klippe,

© UCLES 2012


www.theallpapers.com

Zane wat snags vlermuise jag en Gladys met die stoflap in die een hand en die portret van dr. H.F. Verwoerd in die ander, en Joon, die roepman wie se oë wegkyk van die aardse.

***12*** "Joon is 'n roepman" staan daar op bl. 11 in die roman. "Dis hy wat moet sorg dat almal betyds wakker word vir hulle shifts. In sy trapfiets se carrier knyp hy 'n boek vas waarin almal se name geskryf staan: stokers, drywers, shunters, kaartjiesondersoekers, wielkloppers."

(Uit: *Beeld*, 16 Oktober 2004, bl. 4)

**1** Beantwoord die volgende vrae in jou eie woorde.

**(a)** Wat kom 'n mens uit die uittreksel uit die boek *Roepman* (paragraaf 1) agter oor die verhouding tussen Timus en sy pa? [2]

**(b)** Waaruit is dit duidelik dat *Roepman* nie Jan van Tonder se eerste boek is nie? [1]

**(c)** In paragraaf 4 word die tema van *Roepman* bespreek. Vat dit in een sin saam. [1]

**(d)** Verduidelik watter aspekte van die lewe in 'n spoorwegwoonbuurt Jan van Tonder waardeer het. [2]

**(e)** Waaruit is dit duidelik dat Jan van Tonder se kinderdae nie altyd gelukkig vir hom was nie? Noem **twee** bewyse. [2]

**(f)** Omskryf die volgende woorde wat van toepassing op die teks is:

**(i)** roman (paragraaf 2) [1]

**(ii)** outobiografie (paragraaf 3) [1]

**(iii)** deernis (paragraaf 7) [1]

**(iv)** aartsnuuskierig (paragraaf 9). [1]

**(g)** Joon word beskryf as die roepman "wie se oë wegkyk van die aardse" (paragraaf 11).

**(i)** Waarom word Joon 'n "roepman" genoem? [1]

**(ii)** Wat kan die woorde "wie se oë wegkyk van die aardse" moontlik van Joon as persoon sê? [1]

**(h)** Bespreek **drie** aspekte van Jan van Tonder se verhouding met sy broer. [3]

**(i)** Verklaar waarom *Roepman* outobiografies en ook nie-outobiografies genoem kan word. [3]

[Totaal: 20 punte vir inhoud en 5 punte vir taalgebruik = 25]

© UCLES 2012


www.theallpapers.com

Lees nou Teks 2 aandagtig deur en beantwoord dan Vraag 2.

**Teks 2**

## *Roepman* – Wonderwerk van prent 'n mylpaal

Elke mens op die planeet kan identifiseer met 'n verhaal oor die verlies aan onskuld. Baie onthou die beklemmende besef dat die wêreld of mense nie eintlik is soos jy gedink het nie.

"Wat is onskuld, ouma?" vra die 11-jarige Timus (Paul Loots). "Iets wat jy mis as jy dit nie meer het nie," antwoord sy wyse ouma.

Timus is die verteller in *Roepman*, Jan van Tonder se trefferroman wat in die laat 1990's verskyn het. Die roman kry in al sy eenvoud en in Van Tonder se eie raakvatwoorde léwe op die silwerdoek.

Dit handel oor die wel en wee van 'n armoedige spoorweggemeenskap naby Durban in die jare sestig. Met die sensitiewe, dog deurdagte spelleiding van die veteraan-akteur Paul Eilers kry ons hier 'n rare verskynsel vir die plaaslike rolprentbedryf: 'n perfekte samekoms van draaiboek, vertolking en impak.

Daar gebeur elke dag wonderwerke in die gemeenskap waar die 11-jarige Timus grootword. Wel, elke keer as die roepman, Joon (John-Henry Opperman), in die omtrek is. Dat 'n jong kind gewone dade van menslikheid as wonderwerke sien, sê dalk iets van die tyd waarin hy grootword.

Dit speel af in 1966, kort voor die sluipmoord op Hendrik Verwoerd, die vader van apartheid. Die NG Kerk handhaaf 'n streng houvas op sy mense. Ons ervaar dit in die onderdrukking van Timus se suster en ook die verwerping van mense wat nie glo soos die NG Kerk glo nie. In skokkende, hartverskeurende oomblikke ervaar ons onder watter onmenslike omstandighede swart mense leef.

Tog sien ons hier 'n gesin en 'n gemeenskap wat omgee vir ander. Daar is ook Suid-Afrikaanse kostelikhede soos 'n flukse swart huishulp wat die portret van Verwoerd "spoeg en poets" en die dominee wat met 'n pistool op "huisbesoek" gaan.

Die seun-man Joon roep die spoorwegwerkers douvoordag vir hul skofte. Hy is anders as die res. Sy oë kyk boontoe, asof hy sy "bevele" van daar kry en dit net so herlei in goeie dade. Maar sy onskuld en Timus s'n gaan nie hier geduld word nie; dit is die tragiese draaipunt van dié merkwaardige prent.

Afrikaner-rolle leen hulle maklik tot oordrywing, maar nie een van die vertolkings is karikatuuragtig nie. Opperman as Joon is nie valslik soetlik nie. Hy is so duidelik nie van ons wêreld nie, al dra hy 'n safaripak. Rika Sennett se ma-karakter is 'n sober teenpool vir die heethoofdige pa Deon Lotz; Andrew Thompson is die adder en die bron van al die kwaad, maar die prent behoort hart en siel aan die jonge heer Paul Loots. Sy spel as Timus gaan jou oorrompel met die suiwer onskuld van 'n seuntjie, sy onbedwingbare avontuurlus en sy gebrokenheid as die lewe vir hom inmekaartuimel.

*Roepman* self is 'n wonderwerk, 'n mylpaal in ons rolprentkuns wat verdien om wyd gesien en geesdriftig ondersteun te word. Dit kan gevoeg word by die klein versameling uitstekende Afrikaanse prente. Die prent wys wat eie en uniek is aan die Afrikaanse lewe, maar weerklink oortuigend universeel.

(Uit: *Vrydag*, *Die Burger*, 20 Mei 2011, bl. 2)

© UCLES 2012


www.theallpapers.com

**2** Lees Teks 1 en Teks 2 en skryf ʼn opsomming van die ooreenkomste en verskille tussen die inhoud van die twee tekste. Fokus ook op die tekste se formaat en doel.

Jou opsomming moet 200 tot 250 woorde lank wees.

[Totaal: 15 punte vir inhoud en 10 punte vir taalgebruik = 25]



www.theallpapers.com